Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Menslike Nedersettings

HOME WISE



# KONSOLIDERINGSSUBSIDIE







## KONSOLIDERINGSUBSIDIE

### 1 DIS WAT JY KRY

Jy kan vir hierdie subsidie aansoek doen as jy reeds vóór 1994 gedienste standplaas besit of ontvang het.

Die subsidiebedrag beloop R109 947 en kan gebruik word om:

- Jou huis te bou.
- 'N ongesubsidieerde huis te verbeter of af te rond.

### 2 DIS WAT NODIG IS OM TE KWALIFISEER

Jy kwalifiseer vir hierdie subsidie as:

- Jy by jou naaste munisipaliteit op die databasis vir mense met behoefte aan behuising geregistreer is.
- Jy Suid-Afrikaanse burger is of permanente verblyfpermit het.
- Jy 18 jaar of ouer is.
- Jy getroud is of saam met lewensmaat woon.
- Jy ongetroud of geskei is en bewys kan lewer dat mense wat finansieel van jou afhanklik is, permanent by jou inwoon.
- Jou maandelikse huishoudelike inkomste vóór aftrekkings R3 500 of minder is.
- Jy of jou lewensmaat nie tans eiendom besit of voorheen besit het.
- Jy of jou lewensmaat nog nooit vantevore subsidie van die staat ontvang het nie

Let asseblief daarop dat voorkeur verleen sal word aan aansoekers wat 35 jaar of ouer is, en/of spesiale behoeftes het (bv. gestremde persone).

### 3 DIS HOE JY AANSOEK DOEN

Besoek jou naaste munisipaliteit om uit te vind of jy aansoek kan doen vir konsolideringsubsidie. Jou aansoek moet op projekbasis via jou eie munisipaliteit geskied.